



Magalieskruin Gemeente

Joycelaan 150
Magalieskruin

Posbus 13507
Sinoville 0129

Tel: (012) 548 1245
Faks: 086 535 4797

Webadres: www.magalieskruin.com

E-pos: magaliesklein@telkomsa.net

FAMILIENUUS

Want elkeen behoort aan 'n geestelike gesin

SAAM OP PAD

November 2017



Die beste



leë nog voor

KLEINGROEPE: NUUS

- ❖ Janine Joubert is die kontakpersoon in die kerkkantoor wat die koördinering en skakeling van die kleingroepe hanteer. Indien u wil aansluit by 'n kleingroep kan u haar kontak (012-548-1245) of stuur 'n e-pos aan magaliesklein@telkomsa.net.
- ❖ Baie dankie aan ds. Alkmaar Swart vir hierdie maand se Bybelstudies.



PITKOS VIR KLEINGROEPE DIE VERLOOP VAN DIE BYEENKOMS

DIE GEWONE WEEKLIKSE BYEENKOMS VAN DIE KLEINGROEP

Verlede maand het ons begin fokus op die verloop van 'n tipiese kleingroepbyeenkoms. Ons het genoem dat 'n kleingroepbyeenkoms se program sal **ooreenkom met die spiritualiteit van die gemeente van wie dit deel is**. 'n Sekere groep volg 'n tipiese selgroepprogram, ander het 'n tradisionele omgegroepeemodel en dan is daar groepe wat 'n kontemplatiewe aanslag het. Nogtans is die volgende 'n tipiese verloop van alle soorte kleingroepe soos in verlede maand se Pitkos vir Kleingroepe deurgegee – na 'n periode van aankoms en kuier gaan ons byeenkoms deur vyf elemente gesentreer rondom die Woord. Bestudeer die volgende tabel en probeer die vloei van die byeenkoms te verstaan:

| Sosiaal | Losmaak | Aanbid | Woord | Reageer | Vasmaak |
|---|--|--|---|--|--|
| Sosiale Dimensie | | Geestelike Dimensie | | Uitreik Dimensie | |
| Mens tot Mens 30 min | Mens tot Mens 20 min | Mens tot God 10 min | God tot Mens 40 min | Mens tot God 10 min | Mens tot Mens 10 min |
| Ons kom aan, ontmoet mekaar en kuier 'n bietjie rondom tee of selfs 'n ete. | Ons begin deur die dag se dinge agter te laat en te fokus op wat voorlê. | Ons betree God se heilige tyd en ruimte in gebed en aanbidding en is gereed vir die Woord. | Ons laat God toe om deur sy Woord met ons te praat Ons bespreek die Woord en verstaan die implikasies. | Ons reageer deur op God se Woord "ja" te sê in gebed. Ons weet nou wat ons te doen staan hierdie week. | Ons deel inligting of reëlins wat betref ons uitreike, beplan ons volgende byeenkoms en sluit weer by die gewone lewe aan. |

Die Basiese vloei van die byeenkoms kan dus in drie hoofmomente verdeel word:

- 1) LOSMAAK van die woelige wêreld en met mekaar sal konnekteer
- 2) GOD SAL BELEEF deur Sy teenwoordigheid en Woord, om weer te kan
- 3) VASMAAK aan die gewone lewe, verfris en versterk, en met 'n nuwe besef van missie.

Hierdie drie groot bewegings is waardeur die verstandige leier die groep sal lei. Met dit in gedagte sal elk van die elemente in meer detail bespreek word. Verlede maand het ons in meer diepte gekyk na die eerste Element – SOSIAAL.

Hierdie maand fokus ons op die Losmaak Element wat ook deel vorm van die Sosiale Dimensie. Detail van die ander elemente sal in die opvolgende maande se Familienuus verskyn.

1) LOSMAAK – Element 2

Dit is die beste om NIE net dadelik te begin met ons byeenkoms nie, want die lede kom elk uit 'n besige dag en hulle gedagtes is ongefokus en “nie op dieselfde blad nie”. Dit is nodig dat ons hulle help om die dag agter te laat en God se heilige tyd en ruimte te betree. Dit doen ons deur 'n ysbreektyd toe te laat. Ons mag dink dat die ysbreek onnodig is, maar dit is 'n fout. Ysbreek is 'n absoluut noodwendige deel van die byeenkoms en mag nooit oorgeslaan word nie. Waarom nie? Let op: die ysbreker het die volgende doel:

- Dit verskaf die INLEIDING tot die byeenkoms en dikwels ook die tema, deur 'n
- BRUG te vorm van die gewone lewe tot die geestelike dinge, want dit
- FOKUS die gedagtes weg van die dag se dinge en rig hul almal op een tema, wat dikwels die aand bekendstel.
- Dit stel al die lede op DIESELFDE VLAK, wat goed is, want dit mag wees dat veral nuwelinge of besoekers geïntimideerd voel deur diep geestelike temas, en dit gee lede
- die geleentheid tot INTERAKSIE. Omdat die ysbreker op 'n neutrale vlak is (dit is gewoon, nie-geestelik en gemaklik) en omdat betrokkenheid “verplichtend” is, neem almal deel. Weereens is dit belangrik, want daar is sommige lede wat waarskynlik min het om by te dra later in die byeenkoms. Die ysbreker mag vir sommige teenwoordiges hul enigste deelname van die aand wees!

Die ysbreker skep dus die gepaste gelyke grond vir wat moet volg en bring die verskillende gedagtes saam tot by 'n enkele tema. Laat ons dalk net 'n misverstand uit die weg ruim: as die ysbreker enige iemand verleë laat voel of sleg laat lyk (behalwe selfspot, wat 'n teken van volwassenheid is) MIS ONS DIE PUNT HEELTEMAL. Ons praat nie van simpel speletjies nie, maar 'n kort en gemoedelike oorgang (professioneel gehanteer deur 'n goeie fasiliteerder) om die groep te fokus.

Die ysbreker behels dat ons AL die mense in die byeenkoms, op die ry af, of rond-en-bont (maar sluit almal in) vra om te deel op een van die volgende wyses (die leier kan kies wat die beste pas by die byeenkoms):

➤ Gewone ysbreker

Ons gewone ysbreker behels om te gesels oor hoe dit op die oomblik met die lede gaan, deur die volgende vraag te vra:

“Wat was vir jou die lekkerste en slegste deel van die afgelope week?”

Die lede kan dan kortliks deel wat hulle belewing van die week was, en die leier kan ook agtergekom hoe dit met die lede gesteld is. Dit kan die kleingroep ook help om hul liefde en omgee te wys.

➤ Tematiese ysbreker

Jy kan jou ysbreker laat pas by jou tema. Die voordeel is dat jou ysbreker lekker gesels ontlok maar die lede se gedagtes ook reeds lei na die tema toe. Die volgende is voorbeelde van ysbrekers wat sekere temas inlui – let op die styl daarvan (die leier kan sy eie maak deur 'n gemaklike of humoristiese “gewone” tema te kies wat die tema op 'n manier aansny waaraan almal kan deelneem):

Vertel ons hoe jy jou maat/man/vrou ontmoet het (Tema: huwelik, liefde, verhoudings, ens.)

Vertel ons wat maak jou (die meeste/minste) bang (Tema: vrees)

Vertel ons van die beste vriend wat jy al gehad het (Tema: vriendskap, liefde)

Vertel ons watter modes populêr was toe jy jonk was (Tema: portuurs)

Vertel ons van julle eerste afspraak...

Wie het probeer rook as kind, en is jy toe uitgevang?

Iets van my wat jy nie geweet het nie, is...

Ek is bly ek is klaar met skool want...

Die stokperdjie wat ek die graagste/voluit sou wou beoefen is...

As ek R1 000 000 verniet kry/wen, sal ek dit so spandeer...

Waar ek al die lekkerste geëet het (of die slegste...)

Wie van ons het die lekkerste baas, en wie het die slegste?

Hoe lyk my besigste dag – en my rustigste?

In watter geselskap voel jy “dom”?

Wat doen jy as jy alleen is...

My ideale aftreplek...

Bespreek watter tipe humor laat jou lag

My man/'n man wys nie sy emosies nie, reg?

My rillerstories van miskommunikasie...

Waarheen ek nog oorsee wil gaan, is...

Waar ek al die ergste verdwaal het...

Vroue (en mans!) : my ergste geboorte...

Waar die afgelope vakansie gebeur het...

Watter soorte ambagte kan jy alles noem...

Watter seep gebruik jy vir bad, hare was, skottelgoed, vloere...

Besluit wie die belangrikste mens in die kleingroep is, en hoekom (!)

Die moontlikhede is eindeloos! Wees kreatief. Maak dit lekker en interessant en laat almal deelneem. LET OP:

- sulke interaksie is ook belangrik vir die groep om mekaar te leer ken – iets wat ons nie geweet het nie;
- stuur maar weg van politiek, intieme openbarings en verleentehede, ander kerke, ens.

Ook die manier waarop lede oor hierdie temas gesels leer ons iets van daardie persoon.

➤ **”Quaker Questions”**

Daar bestaan ook nog ‘n standaard ysbreker, bekend as die “Quaker Questions”, wat veral nuttig is om mense te leer ken. Vra die volgende vrae aan die lede:

- Waar het jy gewoon toe jy tussen 5 en 12 jaar oud was?
- Watter motor/vervoer het julle gebruik tussen 5 en 12 jaar?
- Wat was jou verhouding met jou pa tussen 5 en 12 jaar?
- Wanneer het “God” meer as net ‘n woord vir jou geword?

Dit is baie, baie nuttig vir die ervare kleingroepleier om hierdie vrae te ken en te kan gebruik. Die voordeel hiervan, wat vraag vir vraag aan die hele groep gerig moet word, is dat dit van neutraal tot diep geestelik gaan in ‘n kort tyd en jou baie leer van elke lid wat deelneem. Dit is ‘n nuttige oefening om deur te gaan as die kleingroep pas konstitueer het. Dit neem tyd vir ‘n hele sessie - wees gewaarsku – maar die resultaat is vrugbaar. Dit kan dus die agenda

van die eerste byeenkoms wees. Onthou net om nie die vrae net aan een persoon (bv. die besoeker) te vra nie! Jy kan

- g. OF elke persoon deur die vier vrae laat gesels en dan oorgee aan die volgende persoon,
- h. OF (verkieslik) deur die hele groep gaan met vraag een, dan met vraag twee, ens.

➤ **Spel**

Jy kan ook die groep verenig en los kry deur 'n speletjie te speel. Maak egter seker dat almal dit geniet en dat mense nie blootgestel of in die verleentheid geplaas word nie. Voorbeelde is Stomstreke of Pictionary speletjies, dit kan egter die aand oorneem en is dalk meer gepas by 'n speletjiesaad.

2) **AANBID – Element 3 (Deel van die Geestelike Dimensie) (WORD IN VOLGENDE MAAND SE PITKOS VIR KLEINGROEPE BESPREEK)**

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit 'n Kleingroep Kursus "Kleingroep Dinamiek) saamgestel deur Jimi le Roux, 'n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroep-leier van 'n megakerk in Johannesburg.)



SAAM OP PAD

Week 1 – Lees Luk 24:13-35

Die twee was saam op pad na Emmaus. Hulle was ontnugterd, verward en teleurgesteld (17, 21-24). Wat met hulle gebeur het, kan met ons ook gebeur. Ons pad maak soms verrassende wendinge. Gesels hieroor.

Hulle is egter nie alleen op pad nie. Iemand sluit by hulle aan. Het die Iemand in jou lewe vreemd by jou al kom saam loop? Deel jul ervarings met mekaar.

Hulle oë is volgens 16 verhinder om Hom te herken. Was hulle moontlik so verblind deur die verpletterende gebeure? Of wou Hy hulle leer om voortaan nie in aanskoue maar in geloof, te leef. Wat dink julle? Wat leer ons hieruit?

Hulle hoop en verwagtinge is verpletter (21). Ken jy hierdie belewenis? Hulle het Hom egter net as die bevryder van Israel gesien. Kan dit gebeur dat ons vandag nog Jesus nie eien vir wie Hy is nie? Kan jul voorbeelde noem?

Lees 25-27. Wat gebruik Hy om hulle op koers te kry? Dit is 'n belangrike waarheid om vandag opnuut te leer, nie waar nie? Hoekom?

'n Tweede gebruik, naas die Skrifte, help hulle om Hom te herken (30-31, 35). Wat is dit? Hoekom is die sakrament van die nagmaal vandag nog belangrik?

Hulle haas hulle toe – in die donker – na Jerusalem. Dit was so 12km ver. Ons is almal saam op pad. Ons skuld mekaar die nuus dat Hy opgestaan het. Aan wie kan jy nou 'n WhatsApp stuur om hom/haar te bemoedig?



Week 2 – Lees Matt. 25:1-13

Kom ons dink – so aan die einde van die jaar – twee keer weer oor Sy wederkoms na.

Vraag: Wat is die verskil tussen die twee groepe meisies?

Vraag: Waarop dui of sinspeel die olie (3)?

Baie voorstelle is al hier gemaak: volharding in gebed, geloof, die Heilige Gees, roeping om die lig vir die wêreld te wees, reinheid, liefde, genade, geduld, dankbare daad, oordenking van die Bybel, wag op die Heer.

Die veiligste weg – skryf Dirkie Smit – is om na die konteks, veral 25:31-46, te kyk. **Lees** die gedeelte.

(Daar is 7 gelykenisse in Matt 24 en 25. Die eerste 6 handel dat Hy *gaan* kom. Die sewende oor *hoe* Hy kom)

Vraag: Moet ons dus Sy koms nie net as met die finale koms maar as 'n elke dag kom, verstaan?

Vraag: Hoekom leen hulle nie van hulle olie vir die meisies nie? (8-10)

Destyds was olie vir die lampe 'n noodsaaklikheid. Dit is eintlik onverskoonbaar om nie genoeg olie saam te neem nie (hulle het nie elektrisiteit gehad nie). Dui dit daarop dat hulle net nie toegewyd was nie? En nie verantwoordelikheid geneem het nie; ander sal tog sorg?

Vraag: Is jy gereed?

Vraag: Ons jaartema is: *Die beste lê nog voor*. Hoe voel jy oor die Bruidegom?



Week 3 – Lees Matt. 25:14-30

Vrae:

- Wie is die eienaar?
- Wie is die slawe?
- Hoe voel jy daarvoor dat hy vir elkeen volgens eie vermoë gegee het? (15)

Iemand bereken dat hy – in vandag se terme – aan hulle R50m, R20m en R10m elk gegee het. Die eienaar is nogal ryk, nie waar nie?

Lees vers 21. Die eienaar komplimenteer die eerste 2 werkers nie vir hulle sakevernuf, kop vir besigheid en kreatiewe entrepreneurskap om die geld te verdubbel nie. Wat waardeer hy?

Gesels oor die derde werker (24-27). Waarom hierdie harde woorde tot hom?

Wat is die gelykenis se boodskap vir ons vandag?

Isak de Villiers meen dit gaan oor kanse, geleenthede om die koninkryk uit te bou.

Probeer die boodskap prakties toepas.



Week 4 – Lees Joh. 1:1-18

Dit is Johannes se Kersverhaal.

Waarom laat die woorde “In die begin...” (vers 1) julle dink?

Jesus is die Woord (14), die **Logos**.

Logos beteken die ganse struktuur van die kosmos wat alles bymekaar hou en ons help om sin te maak. God het in Christus met ‘n nuwe herskepping begin, ‘n nuwe verhaal en storie.

Gesels hieroor. Wat is die implikasies hiervan?

Jesus is die lewe. Hy bring nuwe ware ewige lewe. (4) Lees Joh 3:16. Waar kom die dood vandaan? Hoe dink julle?

Jesus is die lig. (4, 5, 7-9). **Lees** Gen 1:2. In Gen 3:9 vra God vir die mens; waar is jy? Dink oor hierdie vraag van God na. Wat sal jy vandag op hierdie vraag antwoord? Waar is die mensdom vandag?

Lees vers 14. Eintlik staan daar dat Jesus onder ons kom tabernakel, tempel het. Hy het onder ons kom woon. Hy is God teenwoordig. Hulle – soos Johannes – het Hom gesien, gehoor, aan Hom geraak en Hom geken. Baie is op soek na God. Waar is God te vind?

Die tragedie van die verhaal is dat vandag nog – soos destyds – sommige Hom nie aanneem nie (10-11). Hoekom is dit so?

Aan die ander kant is daar wel die wat Hom aanvaar en in Hom glo (12-13). Wie is hulle?

‘n Nuwe verhouding nl. die van Vader en kind, kom nou tot stand. Wat is die betekenis hiervan?

Hoe laat hierdie grootse Kersverhaal jou voel?



ADDENDUM - 'n Eietydse geloofsbelydenis van Ockert Meyer.

Ek glo in God; die liefdevolle en goeie Vader.
Sonder Hom sal tyd of ewigheid, hemel of aarde,
lewe – ewige lewe - ook ek,
nie bestaan nie.

Ek glo dat Hy my liefhet.

Ek glo in Jesus Christus,
Die ewige Seun van die ewige Vader.
Wat uit louter liefde die hemel geskeur het,
om 'n mens te word

-een van ons-

Ek glo dat Hy te midde van die haat,
die koue en die verskrikking
as 'n weerlose Kind gekom het
ter wille van die weerloses en die kinders.

Ek glo dat die eindelose opstand
teen God en die goeie
die enigste mens wat God en goed was,
geoordeel en vermoor het.

En dat die pyn en die godverlatenheid
van die hele wêreld
in sy sterwensroep gestol het.

Ek glo dat Hy uit die dood opgestaan het
en dat sy opstanding
die teken is dat dinge anders kan wees:
Dat die stryd tussen die lewe en die dood
finaal ten gunste van die lewe besleg is
en dat hierdie waarheid uitsig bied
in die mees uitsiglose omstandighede.

Ek glo in die Heilige Gees,
Ons hemelse voorspraak by
en ons aardse voorsmaak van die Vader,
Wat vir ons woorde gee om te bid
en in ons biddeloosheid self ons gebed word.
Die Gees is die Lewegewer en die Herskepper
die een wat ons in staat stel om
altyd weer nuut te begin met God en met mekaar.

Ek glo in die kerk
Die gemeenskap wat hunkerend en huiwerend 'n weg in die wêreld soek
maar wie se kreupelheid en swakheid
die krag en die seën van die wêreld is.

Ek glo dat sommige eendag sal mag aanskou
dit wat hul in alle twyfel en aanvegtinge
tog geglo het.

Ek glo dat hierdie lewe die eerste akkoorde is
van 'n nuwe lied
wat stadig opbou om uit te mond in 'n ewige ode.
Ek glo dat 'n lewe tot sy eer 'n sinvolle lewe is.

Skryf jou eie geloofscredo!